


# ROBEY LEIBBRANDT



vertel alles in  
**GEEN GENADE**

“Ontwaak, Suid-Afrika! Gord aan die swaard en laat ons veg. God help alleen diegene wat bereid is om hulself te help. Organiseer, dissiplineer en bewapen elke weerbare man, vrou en kind. Laat ons Suid-Afrika in 'n vesting omskep wat vir die Kommuniste ondeurdringbaar is.”

“In hierdie stormagtige tye is daar geen plek of tyd vir 'n nuwe ideologiese stryd nie. Daar is ook geen plek of tyd vir verdere verdeeldheid, twis en tweedrag nie. Dit is nou die tyd om mekaar die hand te reik en die toekoms vierkantig in die oë te kyk. Dit is nou die tyd om saam te staan, saam te veg en, indien nodig, saam te sterwe tot lof en eer van ons gemeenskaplike vaderland ... ons geliefde Suid-Afrika!”

“Leiers is bowenal manne wat gebore is met die bevoegdheid om die breë massa te kan beweeg. Om dit te kan doen, moet hulle besiel wees met die *wete* dat die sleutel tot die siel van 'n volk *dade* is wat soos donder slaan, en nie lippetaal, kruiperigheid of lafhartige optrede nie.”

“Indien ons leerkrigte sou uitgaan van die standpunt dat elke verraaier 'n lafaard en elke lafaard 'n potensiële verraaier is, sal Suid-Afrika ontsaglik daarby baat.”

“Met politieke opleiding bedoel ek geensins 'n akademiese kursus in die politieke wetenskap nie, maar wel om politieke selfstandig te kan dink en te kan oordeel.”

“Ontneem die lewe sy ewige stryd en die daarmee gepaardgaande verantwoordelikheid en die lewe verloor sy dinamiese aantrekkingskrag, en word so immobiel soos die dood.”

“Nog duidelik hoor ek die regter se oordeelswoorde: *'Jy sal na 'n plek van veilige bewaring geneem word en aan jou nek opgehang word totdat al die lewe uit jou liggaam is.'*

Met uitgestrekte regterarm het ek die verdoemende woorde aangehoor en toe luid geantwoord: *'Ek groet die dood! Die Vierkleur hoog!'* Terwyl ek hierdie woorde gebesig het, het ek gevoel of my bors van trots wou oopbars. *Ek is behoorlik geweeg* en moes nog net die laaste paar tree na die galg moedig tegemoet gaan.”